29 Augustus 2010

Lees: Hand 10:44-48;
Hand 11: 19-30.
Sondag 12.
Tema: Hart, kop en hand Christen.

Votum en Groetseën

<u>Sb 1-1:1</u> (Staan)

Geseënd sy bo alle dinge
die eewge God en Vader! Hy
het in die hemel seëninge
vir ons in Christus toeberei.
Na die besluit, uit Hom gebore
en ewig in sy wese vas,
het Hy in Christus ons verkore
voordat daar tyd of wêreld was.

Sb 1-1:2

Hy het deur eie wil bewoë,
dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë,
ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe,
in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe,
wat lewe in dooie harte wek.

Hand 10:44 Terwyl Petrus nog praat, het die Heilige Gees op almal gekom wat na die woord geluister het.
(10:45-10:46) Toe die Joodse gelowiges wat saam met Petrus gekom het, hoor hoe die mense ongewone tale of klanke gebruik en God prys, was hulle baie verbaas dat die Heilige Gees as gawe uitgestort is ook op mense wat nie Jode is nie. En Petrus sê:
47 "Hierdie mense het net soos ons die Heilige Gees ontvang. Wat kan dan verhinder dat hulle nou met water gedoop word?"
48 Toe het hy beveel dat hulle in die Naam van Jesus Christus gedoop moet word. Daarna het hulle hom gevra om ‘n paar dae by hulle te bly.

Hand 11:19 Deur die vervolging wat na Stefanus se dood ontstaan het, is die gelowiges uitmekaar gejaag. Party van hulle het na Fenisië, Siprus en Antiogië toe gegaan, maar hulle het die woord aan niemand anders as net aan Jode verkondig nie.
20 Onder die vlugtelinge was daar sekere mense wat van Siprus en Sirene afkomstig was en wat in Antiogië gekom en daar ook aan die Grieksprekendes die evangelie dat Jesus die Here is, verkondig het.
21 Die Here het die gelowiges gehelp, sodat daar baie mense tot geloof gekom en hulle tot die Here bekeer het.
22 Die berig hieroor het die gemeente in Jerusalem bereik, en hulle het vir Barnabas na Antiogië toe gestuur.
23 Toe hy daar kom, was hy bly om te sien hoe God in sy genade onder hulle gewerk het, en hy het hulle almal aangespoor om met hart en siel aan die Here getrou te bly.

24 Barnabas was ‘n goeie man, vol van die Heilige Gees en met ‘n vaste geloof. ‘n Aansienlike groep mense is tot geloof in die Here gebring,
25 en Barnabas is na Tarsus toe om vir Saulus te gaan soek. 26 Toe hy hom kry, het hy hom na Antiogië toe gebring, en hulle twee het ‘n hele jaar lank saam in die gemeente gewerk en baie mense onderrig. In Antiogië is die gelowiges die eerste keer Christene genoem.
27 In dié tyd het daar profete van Jerusalem af na Antiogië toe gekom. 28 Een van hulle, met die naam Agabus, is deur die Gees gelei om te voorspel dat ‘n groot hongersnood die hele wêreld sou tref. Dit het dan ook in die tyd van keiser Claudius gebeur.
29 Die gelowiges het toe besluit dat elkeen na sy vermoë sou bydra tot ‘n hulpfonds wat vir hulle medegelowiges wat in Judea woon, gestuur sou word.
30 Hulle het dit gedoen en die geld met Barnabas en Saulus aan die ouderlinge in Jerusalem gestuur.

<u>Sb 5-3:2</u> (Sit)

U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal,

en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.

Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het,

waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het

en konings in die ryk van onverstoorb're vrede,

om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

Prediking:

Kollekte
Diens van
Barmhartigheid

<u>Sb 14-1:1</u> (Staan)

Waak, Christen, staan in die geloof

dat niemand jou die kroon ontroof!

Wees wys en dapper, sterk en moedig -

steeds toegewy aan God se werk,

Sb 14-1:1 (vervolg)

standvastig, onbeweeglik, sterk,

vol ywer, altyd meer oorvloedig -

dan sal jou arbeid in die Heer

tot seën wees, sy Naam ter eer!

Sb 14-1:2

Wees, Christen, in jou Heer versterk,

want Hy wil altyd in jou werk

om kwaad en sonde te weerstrewe.

Verrig jou taak met vaste hand,

en doen jou woord altyd gestand;

wil daarby rein en matig lewe.

En wil die Here dat jy ly,

o Christen, leer geduld daarby!

Wegstuurseën
Amen Amen Amen